

MOOIFONTEIN KAMP UIT BY EASTCO MAGALIESBURG: MAART 2010.

Tydens die naweek het ons gholf gespeel (soms die bal ook raakgeslaan)



Elize maak seker die bal word geplaas waar sy gaan slaan. As dit mis is, is dit mos die bal plaser se skuld! Ek weet nie of ek so sal buk as sy so met 'n gholfstok in die hand rondstaan nie!

Daarna was dit tyd vir potjiekos (en Vuvuzela blaas):



Rudi en Magda mag dalk die mees oorspronklikste potjie met hul “look-arounds en run-abouts” potjie gehad het, maar die beoordeelaars was maar skamerig vir die proe slag – wonder hoekom?



Jurie en sy assistent wag vir die beoordelaars.



Met so 'n glimlag kon die beoordelaars mos ook nie anders as volpunte gee nie. Al is dit net vir die “dekor”



Kamp Spataar se verteenwoordigers het ook 'n paar unieke pogings aan die gang in die egte bos kombuis.



DAAI potjie met DAAI lepel omroer?
As jy effe nader aan die prentjie sit, kan jy deel in die reuk wat daar uit krul!.



Dan ook 'n waardige wenner vir die potjie kampioen
Rudi, jy staan verniet so en wonder in die agtergrond – jou hoenderpote spook nog by die beoordelaars!



Estelle Cronje maak seker daar word nie gemors nie.
Daai pot was so skoon uitgelek, ek dink hy's sommer reguit terug in Marietjie se kas

Intussen het die kampkommandante, met Danie se hulp, die vistermanne nog besig gehou met visvang ook.



Farncois en Danie, behalwe dat ek verstaan het dis 'n “soen en laat gaan” dam, het ek so 'n nare suspisie dat geblikte sardientjies op die bedreigde spesie lys is! Julle beter gou gaan terug sit manne!

Om af te sluit het die 4x4 manne (en dames) bietjie gaan bergklim met hul voertuie..



Partyplekke was die pad so steil, die bome en bossies lê skoon agteroor om nie om te val nie.

MOOIFONTEIN: EASTCO-KAMPBRIEF: 19 MRT – 22 MRT 2010

Na lang beplanning en gewag het ons eerste langnaweek aangebreek. Dit was nogal 'n gestoei om vir almal wat wou kamp, 'n plekkie by die oord te kry, omdat ons slegs 27 staanplekke gekry het. Nie net was sekere bestuurslede warm onder die kraag hieroor nie, maar ook baie van die Sawanante wat tot drie ure lank die verkeer moes trotseer om by die oord aan te kom, was ook hoogs geïrriteerd. Die vragmotor wat aan die brand geslaan het, het die verkeer bykans die hele Vrydag op Magaliesburg tot stilstand gebring.

Nieteenstaande die probleme met die oord se besprekings en die verkeersprobleme, bly EASTCO een van die goeie oorde om by te kamp. Staanplekke is mooi, met 'n ruim afdak by elke staanplek. Verskeie aktiwiteite en fasiliteite word ook by die oord aangebied, van swem, put-put, visvang, 'n waterglybaan tot 4x4-roetes.

Vir die naweek was daar 30 Mooifontein-gesinne, een loslappie en twee gaste. Vrydagaand het met kerrie en rys begin wat deur Riana gemaak is, met noukeurige aanwysings deur haar suster. Dit was 'n groot sukses. (Riana jy mag maar weer so maak!) Daarna was dit boekevat, en 'n heerlike buitjie reën het ons afgekoel.

Die Saterdag was die dag waarna almal uitgesien het. Die oggend het met boekevat begin en daar was baie goeie ondersteuning vir die ietsie-bietsie-tafel. Die potjiekos- en visvangkompetisie is vir inskrywings oopgestel. Die vissermanne was aan die min kant, maar regte vasbyters, ten spyte van die weer wat begin versleg het.

Twaalfuur die middag is die gholfvermoë van die Sawanante beproef deur te kyk wie die balletjie die naaste aan die pen kon "chip". Dit het vir groot pret gesorg en 'n paar manne moes rats wegkoets vir balle wat 'n eienaardige wil gehad het om in alle windrigtings te vlieg en nie na die pen toe nie. Die persoon wat die reëls totaal misverstaan het, was ons eie voorsitter, Rudi, met die langste "chip"!

Die middag het die langverwagte potjiekoskompetisie in groot geheimenis 'n aanvang geneem. Die tema was AYOBABA en die mense moes hul temas daarvolgens uitbeeld - en dit het baie kreatiwiteit van ons lede geverg. Die resultaat was so goed dat die beoordelaars moeilik tussen die potjies en die temas kon kies. Die standaard was so hoog dat 'n "flop pot" nie eers aangewys kon word nie. Die potjies het van hoenderpote en hoenderkop, tot gemsbokskenkels, volstruispot, wildevarkboud, en piesang-beesstert gewissel. Laasgenoemde pot het die Afrika-tema ernstig opgeneem en die pot is in die "bos" opgedis, met toepaslike bykomstighede.

Ons wil graag die oord en die vriendelike beoordelaars van die boskamp wat bereid was om 'n Saterdagmiddag op te offer, hartlik bedank vir hul bydrae. Deur al die geure en opwinding om die potte te finaliseer, het die vissermanne nog steeds vasgebyt om die groot vis te vang, onder die wakende oog van Danie. Danie, baie dankie!

Na 'n baie goeie preek van Stanley wat sy preke so pragtig op ons oefen, was die meeste lede gereed vir die 4x4-roete, of om net te rus en die Sondag te geniet. Na 'n spottery oor wie se motor die beste is, byvoorbeeld 'n Landrover, 'n Pajero of 'n Toyota, het 'n groep met 10 voertuie besluit om die 4x4-wildsroete aan te pak. Hoewel die roete nie baie tegnies was nie, het almal die roete geniet, en die eienaar van die Pajero kon darem sê dat hy nou 'n bietjie tuiser agter al die knoppies van die Pajero voel - ons weet natuurlik dat die "kar maar die werk gedoen het". 'n Paar bokke kon ook van naby besigtig word.

Die aand is in die vorm van 'n straatbraai afgesluit waar almal lekker saam gekuier het. Lede het ook hul vaardigheid met die vuvuzela op die proef gestel om De la Rey daarop te blaas (wat natuurlik onmoontlik was). Estelle was die naaste aan die kol, en Johandri het uit moedeloosheid besluit hy speel tussendeur die vuvuzela De la Rey deur sy ma se selfoon! Marietjie het ons met 'n sjokoladepoeding-pot verras wat dadelik deur Stefanie aan almal uitgedeel is. Estelle het besluit sy skraap die pot deeglik skoon, so lus was sy vir nog.

Na 'n heerlike reënbus gedurende die nag, het die laaste oggend aanvanklik met bewolkte aanbreek, seker om almal in staat te stel om op te pak. Die kamp is met 'n laaste boekevat afgesluit en Rudi het 'n opsomming van die naweek se administrasie deurgegee. Die kampkommandante het die geleentheid gekry om die pryse uit te deel waarvoor daar sedert Saterdag in spanning gewag is. Die wenner was soos volg:

Potjiekoskompetisie:

Beste pot (smaakvolste):	Frans Mare se Piesang-en-beesstertpot
Beste aanbieding:	Jurie Walker se jaguitstalling
Oorspronklikste pot:	Rudi Britz se hoenderpote-en-koppot.

Visvang:

Grootste vis:	Daniel Grobbelaar
2de grootste vis:	Corlia Walker
Beste uithouvermoë:	Jacques Botha
Oorspronklikste "vis":	Francois Kruger se blikke sardiens (250 gram).

Gholfkompetyisie:

Wenner:	Ali van Zyl en Adri du Plooy.
---------	-------------------------------

En die groot raai vir die woord AYOKA was Elise Pretorius wat dit met die sokker-wêreldbekertoernooi verbind het.

So is 'n uiters suksesvolle naweek afgesluit. Van die kampkommandante, aan almal wat die naweek saam kom kamp het, en aan al die aktiwiteite deelgeneem het, 'n hartlike dankie.

Tot 'n volgende keer

SAWA-groete

Francois en Stefanie Scholtz en Hendrie en Riana Kruger

MOOIFONTEIN: EASTCO-KAMPBRIEF: 19 MRT – 22 MRT 2010

Na lang beplanning en gewag het ons eerste langnaweek aangebreek. Dit was nogal 'n gestoei om vir almal wat wou kamp, 'n plekkie by die oord te kry, omdat ons slegs 27 staanplekke gekry het. Nie net was sekere bestuurslede warm onder die kraag hieroor nie, maar ook baie van die Sawanante wat tot drie ure lank die verkeer moes trotseer om by die oord aan te kom, was ook hoogs geïrriteerd. Die vragmotor wat aan die brand geslaan het, het die verkeer bykans die hele Vrydag op Magaliesburg tot stilstand gebring.

Nieteenstaande die probleme met die oord se besprekings en die verkeersprobleme, bly EASTCO een van die goeie oorde om by te kamp. Staanplekke is mooi, met 'n ruim afdak by elke staanplek. Verskeie aktiwiteite en fasiliteite word ook by die oord aangebied, van swem, put-put, visvang, 'n waterglybaan tot 4x4-roetes.

Vir die naweek was daar 30 Mooifontein-gesinne, een loslappie en twee gaste. Vrydagaand het met kerrie en rys begin wat deur Riana gemaak is, met noukeurige aanwysings deur haar suster. Dit was 'n groot sukses. (Riana jy mag maar weer so maak!) Daarna was dit boekevat, en 'n heerlike buitjie reën het ons afgekoel.

Die Saterdag was die dag waarna almal uitgesien het. Die oggend het met boekevat begin en daar was baie goeie ondersteuning vir die ietsie-bietsie-tafel. Die potjiekos- en visvangkompetisie is vir inskrywings oopgestel. Die vissermanne was aan die min kant, maar regte vasbyters, ten spyte van die weer wat begin versleg het.

Twaalfuur die middag is die gholfvermoë van die Sawanante beproef deur te kyk wie die balletjie die naaste aan die pen kon "chip". Dit het vir groot pret gesorg en 'n paar manne moes rats wegkoets vir balle wat 'n eienaardige wil gehad het om in alle windrigtings te vlieg en nie na die pen toe nie. Die persoon wat die reëls totaal misverstaan het, was ons eie voorsitter, Rudi, met die langste "chip"!

Die middag het die langverwagte potjiekoskompetisie in groot geheimenis 'n aanvang geneem. Die tema was AYOBABA en die mense moes hul temas daarvolgens uitbeeld - en dit het baie kreatiwiteit van ons lede geverg. Die resultaat was so goed dat die beoordelaars moeilik tussen die potjies en die temas kon kies. Die standaard was so hoog dat 'n "flop pot" nie eers aangewys kon word nie. Die potjies het van hoenderpote en hoenderkop, tot gemsbokskenkels, volstruispot, wildevarkboud, en piesang-beesstert gewissel. Laasgenoemde pot het die Afrika-tema ernstig opgeneem en die pot is in die "bos" opgedis, met toepaslike bykomstighede.

Ons wil graag die oord en die vriendelike beoordelaars van die boskamp wat bereid was om 'n Saterdagmiddag op te offer, hartlik bedank vir hul bydrae. Deur al die geure en opwinding om die potte te finaliseer, het die vissermanne nog steeds vasgebyt om die groot vis te vang, onder die wakende oog van Danie. Danie, baie dankie!

Na 'n baie goeie preek van Stanley wat sy preke so pragtig op ons oefen, was die meeste lede gereed vir die 4x4-roete, of om net te rus en die Sondag te geniet. Na 'n spottery oor wie se motor die beste is, byvoorbeeld 'n Landrover, 'n Pajero of 'n Toyota, het 'n groep met 10 voertuie besluit om die 4x4-wildsroete aan te pak. Hoewel die roete nie baie tegnies was nie, het almal die roete geniet, en die eienaar van die Pajero kon darem sê dat hy nou 'n bietjie tuiser agter al die knoppies van die Pajero voel - ons weet natuurlik dat die "kar maar die werk gedoen het". 'n Paar bokke kon ook van naby besigtig word.

Die aand is in die vorm van 'n straatbraai afgesluit waar almal lekker saam gekuier het. Lede het ook hul vaardigheid met die vuvuzela op die proef gestel om De la Rey daarop te blaas (wat natuurlik onmoontlik was). Estelle was die naaste aan die kol, en Johandri het uit moedeloosheid besluit hy speel tussendeur die vuvuzela De la Rey deur sy ma se selfoon! Marietjie het ons met 'n sjokoladepoeding-pot verras wat dadelik deur Stefanie aan almal uitgedeel is. Estelle het besluit sy skraap die pot deeglik skoon, so lus was sy vir nog.

Na 'n heerlike reënbus gedurende die nag, het die laaste oggend aanvanklik met bewolkte aanbreek, seker om almal in staat te stel om op te pak. Die kamp is met 'n laaste boekevat afgesluit en Rudi het 'n opsomming van die naweek se administrasie deurgegee. Die kampkommandante het die geleentheid gekry om die pryse uit te deel waarvoor daar sedert Saterdag in spanning gewag is. Die wenner was soos volg:

Potjiekoskompetisie:

Beste pot (smaakvolste):	Frans Mare se Piesang-en-beesstertpot
Beste aanbieding:	Jurie Walker se jaguitstalling
Oorspronklikste pot:	Rudi Britz se hoenderpote-en-koppot.

Visvang:

Grootste vis:	Daniel Grobbelaar
2de grootste vis:	Corlia Walker
Beste uithouvermoë:	Jacques Botha
Oorspronklikste "vis":	Francois Kruger se blikke sardiens (250 gram).

Gholfkompertisie:

Wenners:	Ali van Zyl en Adri du Plooy.
----------	-------------------------------

En die groot raai vir die woord AYOKA was Elise Pretorius wat dit met die sokker-wêreldbekertoernooi verbind het.

So is 'n uiters suksesvolle naweek afgesluit. Van die kampkommandante, aan almal wat die naweek saam kom kamp het, en aan al die aktiwiteite deelgeneem het, 'n hartlike dankie.

Tot 'n volgende keer

SAWA-groete

Francois en Stefanie Scholtz en Hendrie en Riana Kruger